
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

'N HUISGESIN WAT KAN STAND HOU

Baie van julle wat hier lees het miskien eers in julle grootmens – jare vir Jesus Christus leer ken as julle Here en Verlosser, en ook toe eers Sy Woord, die Bybel, ontdek as die onfeilbare Handboek vir elke gebied van julle lewens. Soos jy nou besef wat die Here van jou verwag, kan jy terug kyk oor jou eie lewe, die lewens van jou ouers en miskien selfs jou grootouers se lewens, en sonder om te oordeel swak plekke sien wat van geslag tot geslag oorgedra is. Nou praat die Bybel van die *herbouer van gebreekte mure, die heersteller van paaie.*

Kom on lees Jes. 58:12: **En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak.**

Die Here het sekere paaie waarin ons moet wandel, waarvolgens ons moet lewe, waarvolgens ons moet funksioneer, natuurlik en geestelik. Hy wil dan ook in ons dae hierdie paaie herstel en gangbaar maak.

Mal. 4:5: Kyk, Ek stuur die profeet Elia voordat die groot en verskriklike dag van die Here aanbreek.

Mal. 4:6: En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders ...

Wanneer ons hierdie lees dan wil ons al dink aan die vuur wat Elia van die hemel af gebid het, en ek glo dat die eindtye die tyd sal wees van die manifeste van die krag van die Here en ons sien dit al reeds in hierdie tyd waarin ons leef. Maar die ware manifestasie van die Here sal daarin lê dat *die harte van die vader terugkeer na die kinders ... en die harte van die kinders sal terugkeer na die vaders.*

Ek loof die Here as ek sien hoe hierdie ding bewaarheid word dwarsoor die wêreld, want die groter en groter klem begin val op die gesin, die gesin in Christus. As die hart van die vaders nie terugkeer na die huis nie, is die moeder ook nie in staat om die beste leiding vir haar gesin te gee nie.

Die vader is die hoof, en dis belangrik dat hy ingestel is op wat die Here sê dat Hy die harte van die vaders gaan laat terugkeer na die gesinne. Dis so wonderlik om te hoor dat 'n moeder en 'n vader vertel hoe hulle en die kinders 'n bietjie saam weggegaan het om net die tydjie saam te geniet. En dis hoe dit moet wees: *jy behoort die genotvolste tyd saam met jou gesin deur te bring.*

Dit behoort die opwindendste tyd te wees as julle saam is! Daarom is daar ook die opgewondenheid en opwinding as ons as 'n *geestelike familie* vergader, byeenkom as die Liggaam van Jesus, anders sal ons maar net elkeen op sy eentjie en op sy eie wyse die Here dien. Maar daar is 'n verwagting, 'n vreugdevolle tinteling as ons vergader as die Kerk, *as diegene wat aan die Here behoort.* (Is dit waar van jou Kerk bywoning, of doen jy dit omdat dit bloot 'n vervelige plig is? Hierdie verveeldheid is 'n rooilig dat jou verhouding met Jesus nie reg is nie!) Net so moet daar vreugde en opgewondenheid wees as ons as 'n gesin of familie byeen is met elkeen in sy besondere plek.

Psl. 127:1: As die Here die huis nie bou nie tevergeefs werk die wat daaraan bou ....

Om 'n huis (gesin) te bou het ons die Here nodig, Hy en ons is medewerkers (1 Kor. 3:9).

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Huisgesin wat kan stand hou….)

Daarom, as die Here nie die huis bou nie, met ander woorde. as jy nie volgens die Here se wyse bou nie, bou jy tevergeefs – Hy is dit Groot Argitek met perfekte planne.

Spr. 14:1: Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af. Dit is dus vir jou moontlik om jou eie huis (gesin) af te breek. Jy kan jou eie gesin vernietig bloot deur niks te doen nie, deur NALATIG en BELANGELOOS te wees.

Spr. 24:30: Ek het by die land van 'n lui man, verbygeloop en langs die wingerd van 'n verstandelose mens. 31: en kyk, dit was heeltemal toegegroei van die dorings, sy oppervlakte was oordek met brandnekels en sy klipmuur omgegooi .....

Die wingerd is soos 'n huisgesin. Besef jy dat dit harde werk benodig om 'n gesin op te voed? En nou praat ek nie net van kos en klere en onderwys geld nie. Miskien het jy gedink dis maklik; jy laat hulle maar net groot word, en hulle ontwikkel almal tot skynende sterre. O nee, net die teenoorgestelde is waar! Elkeen van ons moet ons allerbeste gee in die gesin; elke ouer moet met wysheid en dissipline en liefde en ywer aan sy gesin bou volgens die Here se plan vir Christen-gesinne. Dan kan ons weet dat die Here se belofte vir ons kinders, *dat hulle nie van Sy weë sal wyk as hulle oud is nie,* sal waar word.

Ons gesin moet 'n behoorlike fondament hê.

Matt. 7:24: Elkeen dan wat na hierdie woorde van MY LUISTER en DIT DOEN hom sal Ek vergelyk met 'n **verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.**

Die sleutelwoorde hier is *luister en doen:* GEHOORSAAMHEID. Geen huis kan gebou word sonder hierdie beginsel van gehoorsaamheid nie. Dit geld vir die vader, die moeder en die kinders. Want daar is vele wat LUISTER, soos die eerste man in die gelykenis, maar daar is veel minder wat DOEN soos die tweede man in die gelykenis. Maar dis die een wat LUISTER en DOEN, wat *gehoorsaam* is, wie se huis bly staan teen die storms van die lewe.

Dit maak nie saak hoeveel keer jy kerk toe gaan nie, hoeveel keer jy die Woord hoor nie, maar as ons nie die Woord DOEN nie, bou ons soos 'n *verstandelose* man. Dan bou ons aan 'n skynbeeld van 'n huisegesin: dit het al die bestanddele van 'n ware huisgesin soos bv. 'n vader, 'n moeder, kinders, 'n huis om in te woon, maar die *inmekaar*, want dit was op 'n dwase wyse gebou – die fondasie was nie GEHOORSAAMHEID aan die Here en aan mekaar nie!

'n Huisgesin wat kan standhou teen alles wat daarteen aanstorm, word gebou op GEHOORSAAMHEID AAN DIE WOORD VAN DIE HERE. Elke huisgesin behoort 'n *regering, 'n gesagsfiguur* te hê volgens die Bybel. Hieraan moet die kinders gehoorsaam wees.

Ef. 6:1: Kinders, julle moet jul ouer gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.

2 en 3: Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met a belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

4: En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

Lees ernstig 1 Pet. 2:13-17. Hier beklemtoon die Here weereens onderdanigheid aan gesag, terwille van die Here. Enige een of element wat hierteen rebelleer en dit wil ondermyn, moet ons niks mee te doen hê nie, want dit veroorsaak chaos en verwarring wat die werk van die duiwel is.

Net so in ons huisgesinne. Die Here het in die huisgesin 'n gesagsfiguur vasgestel en op Sy bevel moet ons daaraan gehoorsaam wees, want dit is tot eie voordeel. Enige mens of element wat vir ons anders wil bewys, moet ons, ons rug op draai, want anders kom rebellie, opstand en vernietiging (want ons is buite die Wil van die Here) en dis juis die uiteindelike doel van diegene wat ons tot ongehoorsaamheid en disrespek aanmoedig.

Elkeen van ons is betrokke by 'n gesin – dis die Here se norm vir ons, maar die wederstrewiges (opstandiges) woon in onaangename omstandighede.

Psl. 68:7: God laat die eensame woon in 'n huisgesin, ... maar die wederstrewiges woon in 'n dor land. As jy weier om die Here se oorkoepelende plan vir die gesinslewe te aanvaar en jy rebel daarteen, soek jy net vir jouself moeilikheid. Daar is 'n sekere orde deur die Here vasgestel vir die geestelike gesin sowel as die fisiese gesin.

1 Kor. 11:3: Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Kol. 1:18: En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

Volgens 1 Kor. 11:3 is die Here se orde van gesag soos volg: Christus, man, vrou, kind. As jy êrens in hierdie volgorde in pas, en ons pas wel almal êrens in, en jy probeer om oor die gesag

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - n Huisgesin wat kan stand hou…)

waaronder jy val te gaan, of dit te ignoreer, kan jy verseker wees van probleme in jou lewe, want wat die Here vasgestel het kan geen mense op ‘n ander wyse hanteer sonder eindelose terugslae nie. Die Here se planne en orde is ALTYD DIE BESTE – DIT WERK ALTYD!

Ek wil vaders ook aanmoedig om by julle kinders die besef/tuis te bring dat julle ook onder gesag staan en daaraan gehoorsaam is – dis baie *belangrik!* Dit leer jou kinders deur middel van. jou praktiese voorbeeld om toe te gee aan gesag oor hulle, want hulle sien dat jy ook volgens die Here se gesagsorde lewe en nie dink jy kan net *oorheers* sonder om aan iemand verantwoording te doen nie.

Ons kry sodoende ‘n kettingbevel – situasie. As ons kyk na die geestelike familie (die Kerk) kry ons Christus aan die hoof van die kerk en Hy funksioneer as hoof van gesag in die Kerk (Ef. 4:11 en 12)

Heb. 13:17: Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

In die Kerk kry ons die ouderlinge wat gesag voer. In die huis kry ons die vader en die moeder. In die staat kry om die vader en die moeder. In die staat kry ons ministers en burgemeesters (Sien Rom. 13:1 en 2)

Maar laat ons terugkeer tot die vader in die gesin: die Here het jou daar gestel as die oppergesag, nie in mededinging met jou vrou nie, maar om haar te onderskraag en te lei. Ook nie as despoot oor jou kinders nie, maar om hulle te lei en te beskerm en te inspireer, meer met jou OPTREDE AS MET JOU WOORDE! Kinders volg outomaties die vader se voorbeeld, en as jy verlang dat jou kinders erns moet maak met die Here, beter JY DIT BEGIN DOEN, want selfs jou gesagsuitoefening kan net effektief wees deur eerstens ‘n korrekte voorbeeld te stel. Hierdeur beïnvloed jy jou kinders en verdere geslagte ten goede en tot die eer van die Here.

Hoofskap in ‘n gesin beteken nie meerderwaardigheid of oorheersing, soos sommige mans wel dink nie. Hoofskap beteken nie diktatorskap nie. Dit beteken nie dat jy *beter* as jou vrou of jou kinders is nie. In die Here se oë is almal dieselfde. Ons funksioneer op verskillende vlakke maar ons is almal eenders. Hoofskap beteken nie die minderwaardigheid van die vrou nie.

Wat is dan die verantwoordelikheid van die man wat die hoof van die huisgesin is?

Om te erken en te bely dat Jesus Christus die Here van sy lewe is op elke gebied.

Om die feit te aanvaar dat die Here hom as hoof aangestel het.

Om te besef dat hy onder gesag is, want ‘n man kan net hierdie hele struktuur effektief uitvoer en erken as hy self onder die goddelike gesag van die Here Jesus Christus staan.

Om te erken dat sy vrou sy hulp is, en nie sy bediende of vlees-bevrediger nie, en glo my daar is ‘n groot verskil in hierdie saak! Baie mans dink sy vrou is net daar om hom te bedien of net in sy vleeslike luste te voorsien. Dis ‘n wanopvatting. Die Here het die vrou aan die man gegee om hom **by te staan** – iemand om langs hom te staan sodat hy nie alleen is nie. Hulle staan gelyk, maar ondersteun mekaar. Daar is die ineenskakeling van twee lewens – jou vrou is die ander deel van jou. Sy moet toegelaat word om langs jou te ontwikkel en te funksioneer.

Onthou, die vrou was nie van die man se voete gemaak dat hy op haar moet trap nie, maar sy is van sy ribbebeen gemaak – die plekkie naaste aan sy hart sodat hy haar kan koester en liefhê. En enige vrou blom tot haar mooiste en hoogste potensiaal onder liefdevolle aanmoediging van haar man. So, ek wil maar die gedagte by jou laat dat as jou vrou nie is soos jy wil hê sy moet wees nie, vra gerus maar in alle eerlikheid vir *jouself* die volgende twee vrae af en jy sal dalk moet erken dat jy jou verpligting teenoor haar liederlik versuim, en daarom weerhou jy haar van haar volle potensiaal nl. Om ‘n pragtige, liefdevolle, verstandige, inspirerende HULP vir jou te wees op elke gebied. Die vrae is:

Het ek haar lief soos my eie liggaam (Ef. 5:28 en 29) en laat ek haar altyd daarvan bewus wees?

Respekteer ek haar te alle tye as my gelyke in Christus Jesus en tree ek so teenoor haar op, of net wanneer dit my pas?

Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. (Gen. 2:24)

As man moet jy baie versigtig wees om nie jou ouers se invloed as ‘n dominerende invloed in jou eie huis te hê nie. Nooit mag jy jou vrou met jou moeder vergelyk nie.

Dieselfde geld vir die vrou – emosioneel verlaat jy nooit jou vader nie en vergelyk voortdurend jou eggenoot met hom. Hier kan baie probleme ontstaan, en ‘n mislukte huwelik is die gevolge. Moet dus nie probeer om jou huweliksmaat na die beeld van jou ouers te

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - n Huisgesin wat kan stand hou….)

verander nie!

Die Here het *julle twee* bymekaar gesit, nie ook die ouers daarby nie! So kry jy skielik op ‘n dag dat die man die vrou nie meer liefhet nie omdat hy hierdie dominerende gesindheid teenoor haar het. Hy het met haar getrou as ‘n lieflike jong meisie, maar toe begin hy sy gesag oor haar uitoefen op ‘n abnormale wyse. Hy het haar, haar persoonlikheid ontneem en haar lewenslus en persoonlikheid ontneem en haar lewenslus en blymoedigheid doodgedruk. Dis miskien so in jou huisgesin, my Vriend. Jy het met jou vrou getrou, haar liefgehad – nou het jy haar verwronge gemaak deur jou *afgedwonge hoofskap.*

Geen man is sy vrou se *baas* nie, maar sò ‘n gesindheid kan ‘n vrou geweldig skade aan doen, en gevolglik ook die kinders skade aan doen, en gevolglik ook die kinders en die huwelik. Erken dat julle EEN is soos Christus en die Kerk (Ef. 5:25) Twee sal een vlees wees – Christus het Homself oorgegee vir die gemeente – so behoort jou liefde vir haar te wees: *nie wat jy kan kry nie, maar wat jy kan gee!* Dis Goddelike Liefde –*agapè* liefde. Dis nie vleeslike liefde, *eros* nie.

Plaas jou wil daarop om jou vrou lief te hê – dis jou verantwoordelikheid en dit beteken dat jy enige iets vir haar sal opoffer. En glo my vry, enige vrou sal gewilliglik *onderdanig* wees aan ‘n man wat haar op hierdie wyse liefhet. Dis dan ook die verpligtinge wat die Here van die vrou in die huisgesin verwag nl:

Sy moet haar man se posisie van gesag en verantwoordelikheid erken. As man en vrou is hulle gelyk, maar nie in gesag en verantwoordelikheid nie. Hy is die hoof van die huis.

Sy moet haar man eer en aan hom gehoorsaam wees.

Sy moet ‘n leerbare en sagte gees kweek en haar toe lê daarop om hom te behaag.

Sy moet haar eerstens toelê op die ontwikkeling van haar gees, bò die ontwikkeling van haar uiterlike. Maar moet tog nie dink jy mag nie jouself versorg en versier met mooi klere en kapsels nie! Doen dit gerus, maar laat jou motief wees die BEHAGING VAN JOU EIE MAN, en DIE EER VAN DIE HERE. (Lees in Spr. 31 van ‘n baie suksesvolle en godvresende vrou).

Lees gerus 1 Pet. 3:1-7 ernstig deur waar die Here praat oor die pligte van vroue en mans, en laat ek maar weereens sê: AS JY BEREID IS OM JOU HELE LEWE, EN VERAL OOK JOU HUWELIK EN GESIN OP DIE HERE SE LEER TE SKOEI, KAN JY PERMANENT SUKSES VERWAG. Wanneer die huisgesinne in orde is, sal die Kerk ook in orde wees. ●

Spesiale woord van dank

‘n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u ‘n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ‘n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook ‘n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
Rek. No: 53730091667,
Kode: 220129

When you Come to the End of Yourself

In Psalm 38 we find David at his wits' end. He was downcast and discouraged, and his struggle had drained him of all his strength . David cried, **I am troubled; I am bowed down greatly; I go mourning all the day long ... I am feeble and sore broken: I have roared by reason of the disquietness of my heart... My heart panteth, my strength faileth me: as for the light of mine eyes, it also is gone from me" (Palm 38:6, 8, 10).**

This was the same man who revered God's Word and wrote exuberant psalms to extol the Lord's glory. But in this depressed state David did what many discouraged Christians today do: He reasoned that God must be chastening him. He cried, **"Rebuke me not in thy wrath: neither chasten me in thy hot displeasure. For thine arrows stick fast in me, and thy hand presseth me sore." (38:1-2).**

David is describing something every follower of Jesus faces at some point. He's speaking of being under a demonic attack from a plaguing spirit of discouragement. This is Satan's most potent weapon against God's elect. No Christian brings it on himself, nor does the Lord send it. It comes straight from the pits of hell. Satan wants to convince us we've brought God's wrath on ourselves by not measuring up to his holy standards.

Paul urges us not to fall prey to this mental snare: "Lest Satan should get an advantage of us: for we are not ignorant of his devices" (2 Corinthians 2:11). Paul is warning, "See this discouragement for what it is: a demonic weapon. It is Satan's arrow to get you to doubt yourself. He knows he can't tempt you to turn away from Jesus. So he swamps you with lies, to make you so downcast you'll want to throw in the towel"

David's struggle was not at all unusual.

I have read many biographies of devout men and women whom the Lord used mightily, and every one of them struggled through the same kind of crippling discouragement. The great British preacher C.H. Spurgeon led multitudes to Christ through his powerful sermons but suffered awful bouts with melancholy (or depression in today's terms). He once lamented, "I've got the blackest heart in Britain." Spurgeon would go into his garden, raise his hands to God and cry, "Lord, I've never desired you more, yet my spirit has - never been so low. Where are you?"

We can talk to God all we want about our feelings of failure. We can tell him about our despair over our sins and foolish mistakes. Our Lord invites that, and he will always be tender with us in our helpless condition. But we are never to entertain the thought that God has abandoned us. Even in his despair, David cried out in the same psalm, **"For in thee, 0 Lord, do I hope: thou wilt hear, 0 Lord my God" (38:15).**

If you're enduring a demonic attack of discouragement, I suggest three things.

1. Do not rely on your own ideas to try to find your way out.

You are no match for the demonic spirit you're up against. The battle is far beyond your human skill or physical power to wage. This conflict is in the spiritual realm and has to be fought in the Spirit.

David's questions weren't doubts about God. He actually begins Psalm 42 by famously expressing his deep thirst for the Lord: "As the hart [deer] panteth after the water brooks, so panteth my soul after thee, 0 God. My soul thirsteth for God, for the living God: when shall I come and appear before God?" (42:1-2). David was pleading for a revelation, saying, "Lord, I've never loved you more. Why am I so cast down?"

Discouragement has been the enemy's weapon of choice against God's elect for centuries. When your attack comes, don't think it is unusual. Peter writes, "Beloved, think it not strange concerning the fiery trial which is to try you, as though some strange thing happened unto you" (I Peter 4:12). God allows

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - When you come to the end of yourself….)

this kind of trial with all his saints—and he will bring us out of them.

2. Pray! Allowing the Holy Spirit to do His work.

When you're cast down with discouragement you probably don't feel like praying. You may not be able to even whisper a prayer. But you can talk to Jesus in your spirit: "Lord, help me. This attack is too much for me. I can't do anything but sit here in faith. I'm trusting your Spirit to drive all discouragement out of me."

Don't worry about trying to pray your way out of despair. It is a time for God's Spirit to work in you. Jesus promises, "I will pray the Father, and he shall give you another Comforter, that he may abide with you forever... I will not leave you comfortless: I will come to you" (John 14:16, 18).

The first thing the Spirit does when he comes is expose Satan's lies. "The Comforter, which is the Holy Ghost, whom the Father will send in my name, he shall teach you all things, and bring all things to your remembrance, whatsoever I have -said unto you" (John 14:26). That is the work of the Holy Spirit. He undoes the lies of the enemy and brings encouragement from on high.

3. Trust and believe the miraculous things the Lord is going to do for you.

Multitudes of Christians enter God's presence every day expecting to be reproved by Him. How that must grieve our Lord! When we go to prayer we ought to be prepared to hear a good word from our loving Father. All who wait on him will receive his glorious promises:

"As it is written, Eye hath not seen, nor ear heard, neither have entered- into the heart of man, the things whist God hath prepared for them that love him. But God hath revealed them unto us by his Spirit: for the Spirit searcheth all things, yea, the deep things of God" (1 Corinthians 2:9-10).

Take a closer look at two phrases from this passage:

"The things which God hath prepared for them that love him" (2:9). Satan will attack you, flooding you with lies and discouraging words. But if you'll I simply wait on the Lord, his Spirit will come and drive out all of the devil's lies. He does it by giving you a revelation that God has good things prepared for you because you love him.

Our Lord has a wonderful plan for every child of his. And no satanic attack against us can ever alter those plans. God knows the sorrows, struggles and pain we face each day—yet he also knows the glorious things he has laid out for us. He knows the revelation we'll receive, the usefulness we'll enjoy, the fruit we'll see, the joy and peace we'll possess. He has a good word for all who love him.

"God hath revealed them unto us by his Spirit" (2:10). The Lord desires to show us His good word about what he has prepared for us. And His Spirit is messenger who bears that good word. The Holy Ghost will give wings to our drooping spirits with this revelation, and we'll be able to fly like eagles out of Satan's snare.

"Hast thou not heard, that the ever-lasting God, the Lord, the Creator of the ends of the earth, fainteth not, neither is weary? There is no searching of his understanding. He giveth power to the faint; and to them that have no might he increaseth strength. Even the youths shall faint and be weary, and the young men shall utterly fall: but they that wait upon the Lord shall renew their strength; they shall mount up with wings as eagles; they shall run, and not be weary; and they shall walk, and not faint" (Isaiah 40:28-31).

This is the work of the Holy Spirit: to encourage us. Our work is to simply trust Him to fulfill what the Father has sent Him to do. Go to your secret closer right now, even in your discouraged state, and quiet yourself before the Lord. Even if you don't have strength enough to speak, you can cry out to him in your spirit. Speak to Him this prayer:

"Lord, I know you abide in me. And I know you've sent your Holy Spirit to comfort me, strengthen me and reveal the mind of Christ to me. Speak to me your comfort. I don't have any strength left. You-have to lift me up and lead me."

The Spirit of Christ won't let you be deceived. He'll show you the good things God has ahead for you. But you must dare to believe he will speak to you.

You are not going to faint. You're going to come out of your trial victorious, because your faith will be tested and tried as gold. And you'll see the Lord fulfill every promise he has made to you. Amen ●

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Deur die Bloed van Jesus is al my sondes vergewe

As al ons sondes vergewe is, het ons alle regte vir verlossing. Indien daar egter enige sonde in ons lewens is wat nie bely is nie – en is dus nie vergewe nie – het ons nie volle wettige redes vir verlossing in daardie area nie. Satan het steeds 'n aanspraak in daardie area. Ek het dit baie keer in die bediening van bevryding bewys. As Satan 'n aanspraak het sal hy dit nie opgee nie. Jy kan in sy gesig skreeu of vir 'n week vas, maar jy sal nie die situasie verander nie, omdat Satan weet dat hy 'n wettige reg het wat nog nie reggestel is nie.

Nog 'n algemene manier wat gelowiges aan Satan 'n wettige reg in hul lewens gee, is deur ander nie te vergewe nie. Jesus het ons geleer dat God ons vergewe soos wat ons ander vergewe. Ons moet bid: "Vergeef ons ons skulde (oortredings), soos ons ons skuldenaars (hulle wat teen ons oortree het)" vergewe (Matt. 6:12). Ons is nie daarop geregtig om vergifnis van God te verwag bo die maat waarop ons ander vergewe nie (verse 14 – 15). Daarom, as daar enige mense is wat ons nie vergewe het nie, in dieselfde maat, is ons nie deur God vergewe nie. Met ander woorde, enige area van onvergifnis in ons lewens is 'n area waarin Satan steeds wettige reg het. Jy kan maak wat jy wil, maar voordat jy nie wie ook al vergewe het nie, sal jy nie van hom ontslae kan raak nie.

Dankie Here, vir die Bloed van Jesus. Ek verklaar dat ek ten volle vergewe is, omdat ek al my sondes bely en vergewe nou die (noem die name) wat my seer gemaak het. Deur die Bloed van Jesus is al my sondes vergewe. Amen. ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Ek het goeie nuus vir jou!

Jes. 41:10: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. Dit is maklik om te sê: "Prys die Here! Halleluja!" wanneer dit goed gaan. Dit is maklik om te glo dat God jou liefhet wanneer jy op die kruin van die berg staan en die sonskyn geniet. Maar wat gebeur as jy onder in die donker vallei is, omring deur jou vyande?

Miskien is jy vandag in die vallei van huweliks -, finansiële- of liggaamlike probleme en jy vra: "Waar is God?"

My vriend, Hy is net daar by jou. Die God van die valleie sê vir jou: "Moenie vrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, ja, Ek sal jou help, Ek sal jou ondersteun met My reddende regterhand."

Toe Koning Josafat omring en oortref was deur sy vyande, het die Gees van die Here op Jahasiël gekom en hy het vir die koning gesê: **"Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle. Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees" (2 Kron. 20:14–17).** Wat Koning Josafat volgende gedoen het was briljant. Hy het met wysheid van bo opgetree. In plaas van om sy leër voorop te stel, het hy die lofsangers aan die voorpunt gesit! Wat het die lofsangers gesing? Hulle het van God se liefde vir hulle gesing - **"Loof die HERE, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid!"** En God het hulle vyande totaal vernietig! **2 Kron. 20:21–23**

Geliefde, dit is nie die beproewings wat ons sterk maak nie, maar ons reaksies op daardie beproewings. Die duiwel wil hê dat ons moet reageer deur te vra: "Waar is God ?" Maar God wil hê dat ons met geloof in Sy liefde vir ons moet reageer. **Ons is meer as oorwinnaars, nie deur ons liefde vir Hom nie, maar deur Hom wat ons liefhet. Rom. 8:37**

Dus in watter vallei jy vandag ook al mag wees, moenie vrees nie. God is daar by jou om jou te versterk en te ondersteun. Sing net van Sy liefde vir jou en laat Hy jou gevegte vir jou veg!

Dit is hoe ons gedurende beproewings reageer – met geloof in God se liefde vir ons – wat ons sterk maak.

Ons wil julle almal bedank vir julle waardevolle gebede en liefde wat baie kosbaar vir ons is. Wees verseker van ons liefde en opregte waardering vir jul volgehoue ondersteuning, mag die Here julle almal baie ryklik seën.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Stanger Span,

9 jaar terug het ek 1 van Dr, James se boekies in 'n ou boks ontdek. Die Tweesnydende swaard. Die boekie het my lewe van daardie dag af verander en vir my die begeerte gegee om God regtig te wil leer ken en laat besef dat ek nie sonder Hom kan of wil lewe.

Die duiwel het harder probeer om my aan te val met sy leuens toe hy sien ek wil vir God lewe.

Maar deur al die storms van die lewe was julle daar om vir my te bid en te bemoedig en voor God se genade troon vir my in te tree.

God het my genees van hiv, die bitterste ding wat met my gebeur het.

Dokters kan dit glad nie meer optel in my bloed.

Loof en Prys ons Almagtige Hemelse Vader !!!!

Deur Sy wonde aan die kruis het daar vir ons genesing gekom. God het my geseën met 'n man en 'n pragtige seuntjie.

Satan wou weer kom steel en verwoes en my seuntjie het 'n fit van koors gekry. God het hom weer lewend in my arms gemaak na ek Satan bestraf het in die Naam van JESUS CHRISTUS.

Net so het my man weer begin asem haal na 'n by hom gesteek het en ek hande op hom gelê en die bloed van JESUS oor hom gebid en Satan verjaag het.

God het my huwelik gered na Satan se aanval van 'n ander vrou in my man se lewe. en God het my weer heel gemaak en vrede in my hart gegee.

Vandag is ek 8 maande swanger met ons 2de seuntjie!!

Dankie my Hemelse Vader dat U ons geseën het met nog 'n seun , 'n geskenk uit die hemel wat aan ons geleen word om vir U groot te maak.

Op 20 Julie 2014 het my droom waar geword om Stanger toe te gaan.

Ek en my man het die voorreg gehad om gedoop te word deur pastoor Dave.

Ek was innerlik stukkend toe ek daar kom en julle het ons met liefde ontvang en God het my heel gemaak.

Dankie aan Chantel en almal by die Sentrum wat God se dissipels is. God het my lewe verander deur julle!!!!

Ek wil ook die Here dank dat Hy my verlos het van drank en rook verslawing en wil getuig dat NIKS VIR GOD ONMOONTLIK IS !!!!

Hy is ons ALMAGTIGE, LIEFDEVOLLE HEMELSE VADER.

Ek dank God al vir ons kleinhoewe en huis wat Hy sal voorsien waar ons kan boer , en ek bid vir leiding dat ons ook as Sy dissipels kan werk.

Groete

Mev M Meyer, Oos-Kaap

Ek wil net vir julle baie dankie sê vir julle wonderlike gebedes i.v.m daardie epileptise aanvalle wat ek vir baie jare in my lewe gekry het. Die Here het sy tyd vir alles in die lewe. Sonder gebedes sou daardie genesing nou nog nie kon gebeur nie. Ek voel of ek nou in 'n "nuwe lewe" lewe. Daar het nou al reeds 2 jaar verby gegaan – sonder enige aanval in my lewe. Sonder gebedes is enige probleem onmoontlik vir genesing!!

Nagmaals baie dankie vir julle gebedes. Mag julle vir nog 'n lang tyd geseën word, vir julle wonderlike werk wat julle doen. Bowenal sê ek nou elke dag van my lewe vir die Here BAIE DANKIE vir hierdie genesing in my lewe!!

Nagmaals baie dankie!

Die Here seën julle

Groete

Mev de Beer, Anerley

Liewe Meg en gebedspan,

Ek wil net baie dankie sê vir voorbidding wat ek gevra het vir my bloeddruk en my niere en hart kloppings wat my baie probleme gegee het. En dan ook die angs aanvalle wat my altyd in die nagoorval het. Ek is op die 10de Junie volkome genees!!

Ek gee al die lof en eer en dank aan ons Hemelse Vader en is baie dankbaar vir julle wat in die diens van ons Hemelse Vader staan.

Baie dankie aan almal!

Liefde

Mev S P Viljoen, Krugersdorp

Liewe Meg en span,

Aan die einde van 2013 het ek julle gevra om vir my siek kleindogter, Tessah, 11 jaar oud te bid oor 'n chemiese wanbalans in haar liggaam. Ek het 'n wonderlike brief van dr James ontvang waarin hy haar aanmoedig om haar studies besield aan te pak en hy het haar biddend opgedra aan God ons Ewige Almagtige Vader.

Die medici het aanbeveel dat sy na 'n spesiale skool moes gaan. Sy het passievol gesmeek: "Ek wil by my skool bly. Ek sal beter word God help my". Sy het by die laerskool aangebly en wonderbaarlik herstel. 'n Rukkie gelede moes sy 'n toelatingstoets by voorgenome hoerskool aflê. Ons het sopas verneem dat sy as gevolg van die toetsresultate die skool se akademiese beurs verwerf het. Daarvolgens ontvang sy kosteloos onderrig vir 5 jaar!! God het so uitnemend voorsien!! Ek het geslag, gehuil, gedans, gebid soos Dawid van ouds. Bo verwagting bo gebede skenk Hy ons Sy vrede! Baie dankie vir die voorbsidding en alle eer aan ons Hemelse Vader!

Groetend met liefde

Monica Coetzee, Bedfordview